Belangrike inligting en/of veranderinge wat elke teler van bewus moet wees:

1. Skedule G – Vereistes vir verkope onder die beskerming van die Genootskap.
    - **Toets vir BVD is nie meer verpligtend nie,** maar word aanbeveel as deel van u biosekuriteits program.
    - Verse moet **dragtig gesertifiseer** wees teen die ouderdom van 34 maande.
    - Koeie wat reeds een keer gekalf het, moet met haar tweede kalf **dragtig gesertifiseer wees met die tweede kalf teen die ouderdom van 54 maande.**
    - Alle ander voorskrifte sal streng nagekom word, veral die **sperdatums vir inskrywings** en die rol van die keurings inspekteurs.
    - **Alle potensiële vaars** van enige dier wat verkoop word as "dragtig van veelvuldige vaars" op hierdie veilings, mag slegs dragtig wees van 'n geregistreerde Nguni bul wat 'n **aangetekende DNA profiel het** by enige erkende laboratorium (huidiglik, LNR of Unistel).

2. Lede administrasie.
    - **Die lede self bly primêr verantwoordelik vir die korrekte registrasie en administrasie van hul kuddes.** Pogings deur sekere lede om hierdie basiese funksie na ons kantoor oor te plaas, plaas onnodige werkslas op die kantoor personeel. Goeie administrasie van u kudde is nie net 'n vereiste van 'n geregistreerde teler nie, maar is ook die hoeksteen van goeie bestuur.
    - Reageer asseblief dadelik op alle **foute lyste** van SA Stamboek (Ivonne) Dit is "direkte handeling" waarvoor u betaal; so maak asseblief hiervan gebruik.
    - Die **Logix** program is regtig baie nuttig vir die administratiewe bestuur van u kudde en dit is GRATIS. Kontak asseblief vir Saul van Wyk (051-410 0900 of saul@studbook.co.za) om te registreer of vir enige navrae. U kan ook nou die skakel volg na Logix vanaf die Genootskap se webwerf.
    - **Alle opdatering of veranderinge van u kontakbesonderhede** (Adresse, Telefoonnommers en e-pos adresse) moet asseblief aan Elmarie by die Genootskap gestuur word.
    - Vanaf 1 Mei 2009 is geen Eerste Registrasie (FR) diere oordraagbaar nie. FR diere wat geregistreer is tussen 1 Julie 2006 en 30 April 2009, is alleenlik oordraagbaar as hulle aan die volgende reels voldoen:

- Vroulike diere moet ‘n TKP van 550 dae of minder hê en **ten minste een van haar nageslag** moet inspeksie geslaag het.
- Bulle is oordraagbaar indien hulle 20 of meer nageslag het (waarvan 50% of meer inspeksie geslaag het) of moes vir ten minste 48 maande in die teler se kuddeboek opgeneem wees.

3. Finansies

- Lede moet asseblief hul rekening nommers as verwysing gebruik, wanneer deposito’s direk in die Genootskap se bankrekening gemaak word.
- Lede kan gebruik maak van die Standard Bank of Nedbank rekening:

Bank: Nedbank
Rekening nommer: 1662 088 655
Takkode: 166-234
Tak: Free State & Northern Cape

of

Bank: Standard bank
Rekening nommer: 04 1212 886
Takkode: 05-55-34
Tak: Brandwag

- Lede moet asseblief hulle agterstallige rekeninge vereffen. Indien u rekening meer as 120 dae of langer agterstallig is en u nie dit voor 30 Julie 2010 vereffen het nie, sal u dienste opgeskort word en u rekening aan ‘n invorderaar oorhandig word.